# Resensies

Du Plessis, Isak. 2005. **Jesus: die keuse. Eerlike geloofsvrae oor die Jesus-gesprek.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*Francois P. Viljoen*) .......... 381

Joubert, Stefan. 2005. **Luister fyn God fluister soms. 52 boodskappe met God se goeie nuus.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*Ben de Klerk*) .......... 383

Naudé, Piet. 2005. **Geesgedrewe gelowiges. Christene met blydskap; kerke wat groei.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*Wim Vergeer*) .......... 385

Van Campen, M. & Den Hertog, G.C., *reds.* 2005. **Israël, volk, land en staat. Terugblik en perspektief.** Zoetermeer: Boekencentrum. (*Jaap L. Helberg*) .......... 387

McDowell, Josh. 2005. **Meer as ’n timmerman.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*Tjaart van der Walt*) .......... 390

Van Zyl, Leon, Roberts, Christina & Van Rensburg, Ewald. 2005. **Jy mag maar vra-omnibus: 110 vrae oor Bybelse dinge.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*S.P. (Fanie) van der Schyff*) .......... 392

Cilliers, Johan. 2005. **Ons Vader weet!** Wellington: Lux Verbi.BM. (*Andries Cilliers*) .......... 394

Wilkinson, Bruce. 2003. **Die DroomGewer.** Wellington: Lux Verbi.BM. (*Willem Vogel*) .......... 395

# Resensies

**Du Plessis, Isak.** 2005. **Jesus: die keuse.**
**Eerlike geloofsvrae oor die Jesus-gesprek.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 256 p. Prys: R109,95. ISBN: 0 7963 0266 9.

**Resensent:** Francois P. Viljoen
(Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Op vakwetenskaplike vlak het daar in die afgelope tyd baie diskussies plaasgevind en publikasies verskyn oor die historiese Jesus. Van hierdie gesprekke is ook in die openbaar gevoer. Veral die styl van opspraakwekkende stellings deur die *Jesus Seminar* in akademiese en openbare forums het heelwat debat uitgelok. Dié debat is ook toenemend in Suid-Afrika gevoer. Dit het daartoe gelei dat mense al hoe meer ongemaklike vrae oor die historiese Persoon van Jesus begin vra.

In 'n poging om op openbare vlak van hierdie vrae te behandel, het 'n verskeidenheid populêr-wetenskaplike publikasies die afgelope paar jaar die lig gesien, bv. van Louw Alberts, Johan Cilliers, Jan du Rand, Adrio König en Murray Janson. Die vraag is of die publikasie van Isak du Plessis nie maar net nog 'n boek in dieselfde lyn is nie. Dit is opvallend dat Du Plessis bogenoemde boeke noem, maar nie as bronne raadpleeg nie. Sonder om iets inhoudeliks oor hierdie boeke te skryf, maak du Plessis wel die stelling: "Selfs die buiteblaaie of stofomslae van hierdie boeke teken vir ons 'n Jesus soos ons Hom uit die Kinderbybel en ander populêre publikasies leer ken het" (p. 20). Met hierdie stelling maak Du Plessis duidelik dat hy die benadering van bogenoemde skrywers onbevredigend vind. Die debat word syns insiens nie grondig gevoer nie, deurdat daar telkens op tradisionele en selfs sentimentele beelde van Jesus teruggeval word.

Du Plessis se uitgeproke bedoeling met hierdie boek is dat 'n openliker debat met die kritiese standpunte (soos onder andere deur

die Nuwe Hervormers gestel word) gevoer moet word, sonder "kleinlike bekgevegte" (p. 21). Sodoende wil hy mense wat kritiese vrae oor die historiese Jesus het, begelei om 'n "ingeligte keuse" te maak – 'n doelwit wat hy deurgaans in sy boek herhaal.

Die boek val uiteen in die bekende tradisionele tweedeling van die histories-kritiese benadering wat 'n skeiding maak tussen die "Historiese Jesus" (Deel I van sy boek) en die "Verkondigde Christus" (Deel II). Du Plessis begrond hierdie benadering op verskillende maniere: "Waaraan ons vashou is die apostels en ander gelowiges se verstaan van Jesus. God het nie die Bybel geskryf nie, Hy het dit aan mense oorgelaat om oor God te skryf" (p.108); en "Wat ons in die Nuwe Testament het, is hoofsaaklik Petrus en Paulus se siening van Jesus" (p. 109); ook "Dit is hulle (Paulus en Petrus se) weergawes wat oorheers het en wat ons tot vandag toe as die Woord van God ken. Daar was ook ander stemme in die vroeë kerk, maar hulle het mettertyd op die agtergrond geraak" (p. 118). Du Plessis skryf wel 'n kort paragraaf oor "Wat van die Heilige Gees se inspirasie?" (p. 45). Sy argument is egter baie vaag en moeilik om binne die konteks van die res van sy boek te verstaan.

Vir persone met 'n akademiese verwysingsraamwerk wat gewoond is aan hierdie kritiese debat oor die historiese Jesus, bied *Jesus die keuse* 'n goeie oorsig oor die vraagstukke wat hier aan die orde kom. Vir "eenvoudige" gelowiges kan die boek egter ontstellend wees, aangesien talle "tradisionele" grondliggende beskouings oor Jesus as onseker voorgestel word: die maagdelike geboorte is onseker en die moontlikheid van 'n buite-egtelike geboorte word genoem (p. 230); dit is onseker of Jesus werklik die Seun van God is (p. 144) – daarom verkies Du Plesis om eerder van Jesus as die "Agent" van God te praat (p. 168); Jesus sou nog verkeerdelik aan die Satan as persoon gedink het (p.165); siektes in die Bybel sou naïewelik aan die werking van onrein geeste toegeskryf gewees het (p. 168); Jesus het misgetas oor die einde van die wêreld (p.197); die Heilige Gees is dalk bloot die krag van God (en nie 'n Persoon nie) (p. 229); die kruisdood van Jesus was dalk nie 'n soendood nie (p. 208); die opstanding van Jesus uit die dood is histories onseker (p. 210); en so ook sy hemelvaart (p. 217); die leer oor die lewe na die dood was 'n heersende opvatting in die tyd van Jesus (p. 195), gevolglik is dit twyfelagtig om vandag nog daaraan te glo.

Op grond van hierdie "onsekerhede" oor Jesus (wat wel in die kerklike belydenisskrifte as sekerhede gestel word) skryf Du Plessis dat dit tyd is vir 'n nuwe belydenisskrif, wat hy van plan is om op te

stel (p. 229). Hy beskou dit as noodsaaklik vir mense wat die Bybel "met intellektuele integriteit" lees. Hy meen tog wel dat dit nog die moeite werd is om in so 'n Christus (en Jesus?) te glo. Ek dink nie alle lesers van sy boek sal noodwendig met hierdie stelling van hom saamstem nie.

**Joubert, Stefan.** 2005. **Luister fyn God fluister soms. 52 boodskappe met God se goeie nuus**. Wellington: Lux Verbi.BM. 177 p. Prys: R79,95. ISBN: 0 79630 298 7.

**Resensent:** Ben de Klerk
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Stephan Joubert het 'n deeltydse bediening by die e-kerk in die ooste van Pretoria. Deel van hierdie bediening is 'n weeklikse oordenking wat hy per e-pos wêreldwyd beskibaar stel. Hy het die oordenkings verwerk en gepubliseer as *Luister fyn God fluister soms.* Joubert is 'n bekende teoloog wat veral op die gebied van die Nuwe Testament betekenisvolle bydraes gelewer het. Hy vestig, in aansluiting by sy vorige boek, *Vrygespreek,* die leser se aandag op die Bybel as God se goeie nuus in 'n omgewing waar goeie nuus verswelg word deur slegte nuus in die media.

Die skrywer wil in die meeste van die kort oordenkings gelowiges en soekendes help om fyn na God te luister. Hy sê:

> Soms praat God bulderend hard. Sy woorde klink soos donderslae en gaan gepaard met stormwinde, aardbewings, verwoestende golwe en vuur. Dit vul die mensdom met groot ontsag. Die Israeliete het dit ervaar toe die Here op die berg Sinaï met Moses gepraat het. En ons het dit ervaar met die tsoenami-ramp wat derduisende lewens geëis en geboue soos papier opgefrommel het. Maar soms is God se stem so sag soos 'n fluistering in die windstilte. Dan moet jy fyn luister om te hoor wat hy vir jou wil sê ... Ongelukkig het ons so gewoond geraak aan die geraas van die wêreld om ons dat stilte vir ons 'n bedreiging geword het.

In die kort stukkies behandel Joubert oorsigtelik meer as een Skrifgedeelte, pas dit in die konkrete situasie toe en eindig dan met ’n kort gebed. In *Vrygespreek* het die skrywer daarop gefokus om op ’n radikale wyse die pad van genade met die leser te loop. Hy het met opset kras uitsprake oor genade gemaak, soos: “Genade is God op sy heel beste”. In *Luister fyn* klink dit meermale of die kort oordenkings iets hiervan weerspreek, want die skrywer is soms sterk voorskriftelik. Hy noem selfs dele daarvan les een, les twee, of stap een, ensovoorts. Die vraag ontstaan of dit geslaagd is om e-posoordenkings wat ’n “gehoor” van soekende en dalk lou Christene op die oog het, net so te gebruik in ’n publikasie wat ’n effens ander fokusgroep in die oog het.

God stel geen voorwaardes aan genade nie, maar sy genade is so omvangryk en radikaal dat elkeen wat dit in die geloof omhels uitdelers van God se genade word. Joubert beskryf op ’n aangrypende wyse die uitwerking van genade in die nuwe lewe van die kind van God. Hy sluit sy boek af deur te beklemtoon dat gelowiges van die begin tot die einde groot vreugde op God se genadepad, asook die triomf van genade, sal beleef.

Omdat Stephan Joubert ’n fyn eksegeet is, is die hoogtepunte van hierdie boek sy verklarings van die ter sake Skrifgedeeltes. Op ’n vars en maklik verstaanbare wyse gee hy, in gehoorsaamheid aan die gesag van die Skrif, nuwe perspektiewe op bekende gedeeltes.

Die boek lees maklik, want dit is geskryf in toeganklike taal. Dit is 52 verskillende oordenkings wat oor ’n tydperk geskryf is en in die boek onder een titel uitgegee is – dus sluit al die gedeeltes nie ewe sterk by die sentrale tema aan nie en kan die indruk dalk verkry word dat die skrywer in sommige stukkies die tema op die oordenking afgeforseer het. Die taal is deurgaans vars en prikkelend, hoewel dit soms net te veel opeengestapelde beelde uit ander sfere van die samelewing bevat.

Hierdie goed versorgde boek is tegnies netjies afgerond en deurgaans prikkelend en Skrifgetrou. Dit kan aanbeveel word vir elkeen wat voel dat sy/haar diens aan die Here oppervlakkig en leweloos is. Die uitgangspunte en standpunte in die boek getuig nie alleen dat die skrywer buig voor die gesag van die Woord nie, maar ook dat hy eietyds hierdie waarheid kan oordra.

**Naudé, Piet.** 2005. **Geesgedrewe gelowiges. Christene met blydskap; kerke wat groei.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 160 p. Prys: R79,95. ISBN: 0 7963 0295 2.

**Resensent:** Wim Vergeer
(Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos)

Met die lees van *Geesgedrewe gelowiges* het ek onwillekeurig gedink aan die uitlating van een van die stoere Gereformeerde vaders, wat by die aanskoue van soveel kerklike vernuwing gesê het: "Toemaar, as hulle daar voor omvlieg, is ons los voor."

Piet Naudé is nie in *Geesgedrewe gelowiges* teen vernuwing nie, maar hy bepleit 'n terugkeer na die bekende gereformeerde waarheid dat die Woord van God 'n sentrale plek in die kerk moet inneem. Met fyn onderskeidingsvermoë toon hy uit die Skrif aan hoe die kerk van die begin af 'n kerk van die Woord was. Selfs die Pinkstergebeure is vir hom 'n baie sterk Woordgebeure. Onomwonde stel Naudé dit: "Die kosbaarste besitting wat die kerk het, is die Woord."

Naudé is oortuig dat juis hierdie kosbaarheid in baie kerke en huise vandag verlore geraak het. Hy redeneer met oortuiging dat hierdie verlies vir baie van die ontreddering waarmee ons vandag in die samelewing te doen kry, verantwoordelik is. "Waar daar Bybelarmoede is, is daar Godsarmoede. En waar daar Woordgebrek is, is daar waarheidsgebrek en gebrek aan rigting", sê hy.

Naudé spreek hom uit teen kerke waar die eredienste meer oor die *show* as oor die Woord gaan en waar strategiese beplannings, gesofistikeerde analises, deftige geboue en byderwetse, flambojante planne die sentrale plek inneem. Hy pleit eerder vir kerke wat deur die Heilige Gees gedryf word om die Bybel ernstig op te neem, kerke wat hulle bly verwonder oor God, wat 'n priesterlike gesig teenoor mekaar en die wêreld se nood toon, wat eties voorbeeldig leef deur Christus na te volg, wat die versoening bedien en leef, en wat met 'n oop gemoed die toekoms uit God se hand ontvang. Volgens Naudé is geestelike vreugde, herstel en groei vir sulke kerke moontlik.

Naudé se ongebonde skryfstyl en die goeie tegniese versorging van sy publikasie maak lees maklik en amper te gou bereik 'n mens die slotwoord. Die onderwerp (geestelike herstel en groei vir kerke vandag) wat hy in sy diskussie op die tafel plaas, en die oplossings

wat hy aan die hand doen, verteer egter nie so maklik nie. ’n Mens bly nog lank daarmee besig.

Min gereformeerdes sal waarskynlik van Naudé se *back to basics*-oproep, of die agenda en uitkomste wat hy vir die kerke uitstippel, verskil. ’n Groot vraagteken hang egter oor die praktiese uitvoering van hierdie dinge in die tyd waarin ons lewe. Maak Naudé genoeg erns met die realiteite en uitdagings wat die postmoderne era vir kerk- en Christenwees inhou? Ook in gemeentes met ’n meer “flambojante” bedieningstyl kan die Woord immers sentraal staan. Al die vergaderings, *SWOT*-analises, bibliodrama’s, koordanse en *shows* waarteen Naudé dit het, is waarskynlik goedbedoelde pogings om die genadeboodskap van die Woord van God effektief in ’n postmoderne leefwêreld te kommunikeer. Dat sommige gemeentes in hierdie pogings dalk die spoor byster kan raak, is nie uitgesluit nie. Om egter te beweer dat God in hierdie kerke “net ’n voetnoot geword het”, is waarskynlik ’n te kras en simplistiese veroordeling.

Dit is ongelukkig nie só dat wanneer vernuwingsgesinde gemeentes “omvlieg”, behoudende gemeentes “los voor” sal wees nie. Die tydsgees en omstandighede waaronder Christene vandag kerk is, het ingrypend verander en is kompleks. Dit is belangrik dat die Woord sentraal moet bly, maar ewe belangrik dat die Woord nie kasuïsties as resepteboek vir elke omstandigheid gehanteer word nie. Geesgedrewe gelowiges moet eerder biddend, vanuit ’n lewende verhouding met God, saam worstel om die Woord reg te verstaan vir die kerk se roeping in elke situasie. So ’n worsteling gaan noodwendig gepaard met val en opstaan en impliseer nie vanselfsprekend *Christene met blydskap en kerke wat groei* nie.

Naudé se publikasie verteenwoordig ’n stimulerende inset ten opsigte van die kerklike debat oor vernuwing, geestelike herstel en groei en die rigtingwysers wat hy aantoon, help baie. Nogtans is hiermee, soos hy self sal erken, die laaste woord oor kerkwees vandag nog nie gesê nie.

**Van Campen, M. & Den Hertog, G.C., *reds*.** 2005.
**Israël, volk, land en staat. Terugblik en perspektief.**
Zoetermeer: Boekencentrum. 247 p. Prys: Onbekend.
ISBN: 90 239 1793 6.

**Resensent:** Jaap L. Helberg
(Emeritus: Vakgroep Ou Testament,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie bundel verskyn as eerste in die reeks *Centrum voor Israëlstudies* (CIS), in samewerking met die *Christelijke Hogeschool Ede.* Die CIS is 'n gesamentlike Christelike Gereformeerde en Hervormde inisiatief wat in 2002 gestig is om die besinning in ortodoks-protestantse kring rondom Israel te stimuleer. Medewerkers aan die bundel is J. Hoek, H.C. van der Meulen en M.J. Paul. Op die agterblad word die volgende verduideliking in verband met die bundel gegee: "Die werkgroep Theologische Bezinning … het homself intensief besiggehou met die vrae wat die ontstaan en voortbestaan van die staat Israel aan die Christelike teologie stel. As uitgangspunt van die besinning dien die gerugmakende geskrif 'Israël, volk, land en staat' wat in 1970 deur die sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk as kanselreiking uitgegee is en wat behalwe byval ook baie kritiek opgelewer het. Die bundel wat nou onder dieselfde titel verskyn, bied allereers 'n oorsig van die agtergronde en ontstaansgeskiedenis van die Handreiking. Vervolgens word 'ingezoomd' op die Bybels-teologiese fundering van die visie wat daarin neergelê is. Afsonderlike aandag is gegee aan die geskiedenisbegrip, wat met name die gedagtegoed van dr. H. Berkhof adem. Ook word die trajek wat op die verskyning van die Handreiking gevolg het, in kaart gebring, en ten slotte gaan die studie op die etiese implikasies van die staat in. Die bundel sluit af met 'n eie posisiebepaling van die Centrum voor Israëlstudies." In hierdie bundel is ook insette van die Christelijke Gereformeerde Kerke se kant, soos dié van Den Hertog.

Die boek bring 'n mens onder die indruk van hoe Christene worstel om die plek van die Ou-Testamentiese Godsvolk, Israel, in die tyd na Christus te bepaal. Veral die ontstaan van die moderne staat Israel en die terugkeer na daardie land in 1948, het vir groot opgewondenheid en verwagting gesorg, veral gesien teen die agtergrond van die vervolging van die Jode deur die Nazi's. Vandag is dit nie meer die Jode in daardie land wat die meegevoel opwek nie. Hulle optrede teenoor die Palestyne het die meegevoel na die Palestyne laat verskuif. Sestig persent van die Europeërs, en selfs

sewentig persent van die Nederlanders beskou Israel as die grootste bedreiging vir wêreldvrede. Hierdie publikasie wil tot verdere besinning oor die hele problematiek aanspoor. Dit wil ook aan sowel Israel as aan die Palestyne laat reg geskied.

As spreekbuis van die CIS lê die volgende aksente (vgl. veral p. 225-246):

- Die gedagte dat die kerk in die plek van Israel gekom het, word deur die CIS afgewys. Dieselfde geld vir die gedagte dat God se blywende trou aan Israel tot uitdrukking kom in die bekering van individuele Jode wat saam met die gelowiges uit die heidene die nuwe Israel van God vorm. Die "hele Israel" wat volgens Romeine 11:26 gered sal word, is nie net 'n oorblyfsel nie.
- God se trou aan Israel mag nie afhanklik gemaak word van Israel se optrede nie. Wanneer God kies, kies Hy onvoorwaardelik.
- Die Jode verstaan dit wel so dat hulle deur God uitverkies is.
- In Israel se verhouding met God is daar diskontinuïteit, maar ook kontinuïteit; vervreemding maar ook identiteit. Israel bly steeds getrou aan die Tora. Die Christene moet vir hierdie feite 'n oop oog hê, veral aangesien hulle deel het aan die lyding van die Jode en die Joodse vervolging.
- Die CIS is dit nie eens met die kritici wat hulle op die teologie van die hervormer, Calvyn, beroep nie. Die besit van die land kan nie gereken word tot die skadudiens van die Ou Testament wat na die koms van Christus oorbodig geword het nie.
- Jerusalem kan nie slegs as 'n simbool van die komende heilstyd gesien word nie.
- Die God van Israel is nie die groot Afwesige op die wêreldtoneel nie, maar werk aan die voltooiing van sy heilsplan. Daar is nie 'n duideliker Godsbewys as die bestaan en voortbestaan van die Joodse volk nie.
- Die staat Israel het nie dieselfde legitimasie as die volk en die land nie.
- Die CIS het begrip vir die lyding van die Palestyne en voel hulle aan die Palestynse Christene verbonde, omdat hulle broers en susters in Christus is. Die Joodse volk is en bly "God se oogappel en ons oudste broer wat 'n heel besondere plek in ons hart moet hê."
- Daar moet nie oorspanne verwagtings, gegrond op die meerwaarde van die Joodse volk op sigself wees nie, maar eerder

verwagtings wat gerig is op die verkiesende God wat met Israel en die volke sy plan voltooi.

- Die kritiek dat in die verslag baie oor die Israel van die Messias gerep word, maar weinig oor die Messias van Israel, word ter harte geneem. Die gedagte was nie om Christus op die agtergrond te stel nie.
- Eensydige aandag aan persoonlike toekomstige heil is nie genoeg nie – ook nie die inkleuring van die toekoms vanuit die wederkoms, die laaste oordeel, die opstanding van die dooies en die ewige lewe nie. Die hemelse dimensie van die komende Koninkryk moet nie die aardse kontoere laat vervaag nie. Naas die laaste dinge, moet daar ook oor die voorlaaste dinge gepraat word.

Die verskillende bydraes lei tot ’n mate van herhaling, maar die bundel bied interessante leesstof vir diegene wat belangstel in die wyse daarop veral in Nederland, oor die Joodse volk, land en die staat Israel gedink word. Die uitgebreide bespreking van die siening van Berkhof en ook die kort besprekings van die siening van Miskotte en andere oor hoe God in die geskiedenis werk, stimuleer nadenke oor die saak.

Die bundel oortuig sekerlik nie al die kritici van die CIS se uitgangspunt nie. In die voortgaande gesprek kan daar aandag aan sake soos die volgende gegee word:

Hoe word die benadering dat God nog ’n spesiale doel met Israel het, naas sy doel met die kerk en dat Israel God se oogappel is, gerym met die sterk klem in die Nuwe Testament dat daar geen onderskeid tussen Israel en die ander volke is nie (bv. Gal. 3:28)?

Groot klem word in die bundel gelê op God se onveranderlike uitverkiesing. Dat die uitverkiesing in die kerk gestalte vind, word deur die CIS verwerp as vervangingsteologie en ’n vergeesteliking van die godsdiens. In hierdie verband vra die feit dat die nuwe Jerusalem uit die hemel sal neerdaal en nie uit die aardse Jerusalem sal kom nie, indringende aandag.

Die besondere waarde wat aan Israel se volkskap geheg word, word nie in die bundel daarteen opgeweeg dat God nie volke nie, maar die mensdom geskep het en wel in ’n heel persoonlike verhouding met Hom, naamlik as ’n man en ’n vrou. Het Israel as besondere volk van God nie ’n dienende en dus tydelike “tussenin”-posisie beklee, totdat die doel om die hele mensdom te betrek, in Christus

vervul is nie? Is God se pad nie die pad van een volk (die kerk) en die pad met alle volke, lande en nasies wat Israel insluit nie?

As dit vergeesteliking is as die besondere betekenis van die beloofde land nie meer geld nie, wat dan van die ander nasies se situasie met hulle lande? Hoe moet dan geoordeel word oor die feit dat die tempel nie meer geld nie, maar dat Christus die tempel is? En hou die erfenis van die verbond ook vir Israel nie meer in as net die land nie, naamlik die hele aarde (Efes. 6:2)?

Is die groot verskil tussen Israel en die nasies nie dat God sy Wet (Woord) aan sy volk gegee het en dat die ander nasies Hom nie ken nie (Ps. 147:19, 20; Jes. 2:3; Miga 4:2)? Maar nou het die nasies die Wet (Woord) soos dit in die Messias gestalte gekry het. Hoe is die eis van die Wet (Woord) nou verskillend vir die twee groepe?

In hoeverre lê die konkreetheid van die godsdiens in Hom wat mens geword het en konkrete dade kom doen het? Lê dit nie in wat Hy in en deur die gelowiges doen, wat die hele Wet saamtrek en sigbaarmaak in persoonlike verhoudings, naamlik liefde tot God en die naaste nie?

**McDowell, Josh.** 2005. **Meer as ’n timmerman.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 136 p. Prys: R69,95. ISBN: 07963 0262 6.

**Resensent:** Tjaart van der Walt
(Emeritus: Vakgroep Nuwe Testament,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

McDowell het ’n indrukwekkende publikasierekord: skrywer of medeskrywer van meer as 70 boeke. Van *Meer as ’n Timmerman* is reeds byna 10 miljoen eksemplare wêreldwyd verkoop.

McDowell het ’n gemaklike skryfstyl: Dit voel die hele tyd asof die outeur met jou praat. Die vertaling is baie goed gedoen.

Die outeur haal ’n hele aantal gesaghebbendes aan as steun vir sy basiese tema: Dit is nie dom of onwetenskaplik om in Jesus Christus, die Seun van God en ons Verlosser, wat maagdelik gebore is en opgestaan het uit die dood, te glo nie. Die “Christelike geloof [is] nie ’n blinde, onkundige geloof nie. Inteendeel, dit is ’n inteligente geloof” (p. 44).

In hierdie boekie is egter geen wetenskaplike debat nie. *Meer as ’n Timmerman* is bedoel vir Christene wat twyfel, of gespot word oor hulle ouderwetse, verouderde en onwetenskaplike geloof, soos die skrywer ook van sy eie wedervarings vertel.

In sy ywer stel die skrywer sy saak soms te sterk, byvoorbeeld p. 47: “Argeologiese ontdekkings in die twintigste eeu het egter die juistheid van die Nuwe-Testamentiese manuskripte bevestig” – asof daar nie, naas die groot ooreenstemming, ook heelwat verskille tussen die Nuwe-Testamentiese manuskripte bestaan nie. Tog is die gaping tussen die oudste manuskripte en die gebeure wat hulle berig, veel kleiner as wat Skrifkritici vroeër gemeen het. Ons is dus ten opsigte van die Bybelse manuskripte in ’n veel beter posisie as met die manuskripte van klassieke skrywers, soos byvoorbeeld Tukidides, Aristoteles, Julius Caesar en Takitus (p. 51 e.v.).

McDowell se verklaring van Skrifgedeeltes is soms op die ouer letterlike vertalings (soos die King James) gegrond, sonder om met die oorspronklike tale rekening te hou. Hy gebruik die uitdrukking “uit die saad van ’n vrou gebore” uit Genesis 3:15 as eksklusiewe heenwysing na Christus, omdat al die ander mense almal uit die saad van ’n man gebore is (p. 113-114) – die Hebreeus vir “saad” dui ook egter dikwels op “nageslag” (vgl. byvoorbeeld die Nuwe Afrikaanse Vertaling). Die manier waarop hy met die Messiaanse profesieë in die Ou Testament omgaan om te bewys dat alles saam noodwendig op net een mens kan wys, laat die volgende vraag ontstaan: As alles in die Ou Testament so glashelder is, hoekom het die Jode dan nie almal in Jesus Christus geglo nie?

Nog ’n stelling wat bevraagteken word, is: “Hy was ooglopend besig om aanspraak te maak op Goddelikheid” (p. 17). Hoekom het die Joodse Raad dan so gesukkel om ’n aanklag teen Hom te kry (Mark. 14:55 e.v.)?

Nog ’n laaste voorbeeld: Op p. 68 toon hy aan hoe elf van die apostels “op die wreedste moontlike manier doodgemaak” is. Dit is sekerlik nie onmoontlik nie, maar hier word ongenoemde “historiese bronne en baie ou tradisies” (p. 79) té gemaklik ter stawing gebruik.

Tereg wys die skrywer op die relatiewe kort tyd tussen die Jesus-gebeure en die teboekstelling daarvan en die feit dat die Evangelies (altans drie van hulle – TvdW) geskryf is toe baie ooggetuies, ook vyandiges, nog gelewe het. Ook die eerlikheid van die evangeliste is merkwaardig, deurdat hulle voorvalle opgeken het wat beslis nie vleiend vir die dissipels – en selfs vir Jesus – was nie (p. 60). Tereg

vra die outeur wie willens en wetens vir ’n leuen sal sterf (p. 67 e.v.) en wys op die radikale verandering in die lewens van die gelowiges nadat die opgestane Christus aan hulle verskyn het (p. 71 e.v.). Sy beoordeling van alternatiewe teorieë oor die opstanding (p. 102 e.v.) is indringend, al dek dit nie alle teorieë hieroor nie.

Hierdie boekie is met waardering gelees en ’n mens kan baie daaruit leer. ’n Kritiekpunt is dat die outeur ligtelik met "bewyse" omgaan – hy kon meer klem gelê het op die genade-voorreg om te mag glo.

**Van Zyl, Leon, Roberts, Christina & Van Rensburg, Ewald.** 2005. **Jy mag maar vra-omnibus: 110 vrae oor Bybelse dinge.** Wellington: Lux Verbi.BM. 248 p. Prys: R109,95. ISBN: 0 7963 0274 X.

**Resensent:** S.P. (Fanie) van der Schyff
(Gereformeerde Kerk Mooirivier Potchefstroom)

Kinders word dikwels beskou as "klein mensies wat ouers se ore van hul koppe af praat" en in die meeste gevalle is alles wat hulle sê boonop nog in vraagvorm! Tog is dit die natuurlike manier waarop hulle die wêreld ontdek. Kinders ontwikkel stelselmatig ook in hul geloofslewe talle vrae. Om kindervrae eerlik uit die Woord te antwoord, getuig van gehoorsaamheid aan God se verbondsbepalings. In Deuteronomium 6:20, 21 word die opdrag aan ouers gegee om hul kinders se vrae, in die lig van God se verbondsbepalings, met eerlikheid te antwoord. Die feit dat kinders so baie Bybelverwante vrae het, is die Godgegewe manier waarop hulle dieper in die geheimenisse van die Woord en tot geloofsvolwassenheid gelei moet word. Hul vrae mag dus nooit geïgnoreer of as ’n ergernis afgemaak word nie.

*Jy mag maar vra-omnibus* is ’n samestelling van drie boekies wat saamgevat is in die vorm van een bundel met 110 vrae oor Bybelse dinge vir kinders tussen vyf en tien jaar oud. Die inhoud is opgedeel in drie oorhoofse temas wat elk deur ’n selfstandige skrywer hanteer is. Die eerste tema is deur Christina Roberts geskryf, wat as predikantsvrou, ma en ouma en ook as medewerker van die destydse radioprogram, *Siembamba,* talle kindervrae rondom Bybelwaarhede moes hanteer. Onder die titel *Jy mag maar vra (1),* hanteer sy die eerste dertig vrae van die boekie wat handel oor jou lewe as ’n kind van die Here. Die tweede hooftema is *Jy mag maar*

*vra (2) ... oor God en Jesus.* Hierdie afdeling bestaan uit vyftig vrae wat hanteer is deur Leon van Zyl. Hy is voltydse kinderleraar in die N.G.-gemeente Verwoerdburgstad en ook die nasionale direkteur van Paidion Kinderbediening. Ewald van Rensburg is leraar van die N.G.-gemeente Hottentots-Holland in Somerset-Wes en spesialiseer in jeugbediening. Hy is ook deel van BUVON se *Familia-werkgroep* en is ook die skrywer van ’n aantal bekroonde jeugboeke. Hy hanteer die laaste dertig vrae onder die tema: *Jy mag maar vra (3) ... oor reg en verkeerd.*

In sy geheel is hierdie ’n baie gebruikersvriendelike boekie met ’n helderkleurige buiteblad wat werklik gerig is op jong kinders. Hoewel elk van die drie oorhoofse temas sy eie inhoudsopgawe het, is dit ’n leemte dat daar nie een omvattende inhoudsopgawe aan die begin gegee word wat al 110 vrae bevat nie. Dit mag dalk onnodige rondblaai en soek na ’n spesifieke vraag uit die weg ruim. Daar is van skrywerskant werklik moeite gedoen om die antwoorde op die vrae eerlik te beantwoord en te konkretiseer. By elke vraag en antwoord is daar ’n Bybelvers wat direk betrekking het op die vraag, ’n praktiese aktiwiteit wat deur die kind verrig kan word om die antwoord op die vraag te konkretiseer en ’n kort gebed wat deur die kind gebid kan word.

Om teologiese begrippe vir kinders tussen vyf en tien jaar te verduidelik, is geen geringe taak nie. Enkele begrippe is egter so oorvereenvoudig verduidelik dat die gevaar bestaan dat dit waarheidsmomente mag verloor. Die opdraggie aan die kind om Jesus tydens sy hemelvaart te teken (p. 166), moet dalk duideliker binne die konteks van Jesus se verheerliking na sy opstanding gesien word. Die antwoord op die vraag *Hoe kom Jesus in my hart?* (p. 178)*,* mag die indruk verkeerdelik wek dat die kind Jesus eers van sy kant af in sy hart moet innooi voordat die Here hom sal aanneem.

In die geheel gesien is *Jy mag maar vra-omnibus* ’n kosbare hulpmiddel vir toegewyde ouers in die geloofsbegeleiding van hul kinders. Met reg mag aanvaar word dat kinders deur die vrae in die boekie tot nog meer vrae gestimuleer kan word! Dit word daarom aanbeveel dat ouer en kind saam die ontdekkingsreis na antwoorde op die 110 vrae sal aanpak om daardeur iets meer van die onpeilbare grootsheid van die God van die Woord te ontdek.

**Cilliers, Johan.** 2005. **Ons Vader weet!** Wellington: Lux Verbi.BM. 112 p. Prys: R69,95. ISBN: 0 7963 0276 6.

**Resensent:** Andries Cilliers
(N.G. Kerk Grimbeekpark Potchefstroom)

Wanneer ’n mens nog ’n boek oor die Ons Vader-gebed in die hande neem, wonder jy onwillekeurig of ’n skrywer werklik iets nuuts daaroor kan sê. Daar is seker nie Christene wat nie hierdie gebed ken nie, en daar is min ander Skrifgedeeltes waaroor daar so baie geskryf en gepreek word. Dit maak van hierdie gebed ’n besondere uitdaging vir enige skrywer: om die geykte verwagtinge van mense te deurbreek en werklik nuwe lig op die gebed te werp.

*Ons Vader weet!* is Johan Cilliers se tweede boek oor die Ons Vader-gebed. In sy vorige boek, *Meer as Mossies* (1990) het hy geskryf: “Wie die Ons Vader-gebed probeer uitlê, gaan in ’n sekere sin ’n waagstuk aan. Hierdie gebed is té ryk om finaal onder woorde gebring te word; té omvattend om aan uitgebid te raak.” Waar laasgenoemde boek bestaan het uit oordenkings en Bybelstudies en gerig was op ’n beter verstaan van die Ons Vader, is *Ons Vader weet!* gerig op die leser se gebedslewe: “In hierdie boek word lesers genooi om die woorde van die Ons Vader oor en oor te lees, dit daagliks te bid, en verdiep te raak in die ryk inhoud daarvan” (p. 18).

Die waarde van hierdie boek lê nie soseer in nuwe eksegetiese en teologiese insigte oor die Ons Vader-gebed nie. Dit was trouens my gevoel na die deurlees van die boek dat Cilliers met sy uitleg in redelik bekende bane beweeg en dat die boek op hierdie vlak nie vir my bygedra het tot ’n nuwe insig in die Onse Vader nie. Die waarde van die boek lê eerder in die uitstekende homiletiese werk wat Cilliers hier doen. Hy laat die woorde van die Ons Vader op allerhande maniere weerklank vind in ons leefwêreld.

Gelowiges se gebedslewe is baie dikwels so dat hulle vasgevang bly in die klein kring van eie behoeftes en probleme. Vir lesers wat hierdie boek nie net vinnig deurlees nie, maar werlik deurwerk en -bid, kan Cilliers se uitleg van onskatbare waarde wees om hulle gebedslewe te verruim met ’n visie op die koninkryk van God en die nood van die wêreld. Veral in sy hantering van die gebede om ons daaglikse brood slaag Cilliers daarin om ’n mens verder te laat kyk as jou eie behoeftes: “Hierdie gebed het ’n geweldige dringendheid in ons wêreld met sy hongersnood en sy miljoene ondervoede

kinders. Ons kan beswaarlik deur hierdie gebed onaangeraak bly as ons tafels kreun onder die lading van ons lekkernye, terwyl miljoene magies kreun om ’n krummeltjie. Daarom moet die dinge wat ons ‘het’, wat ons van God ontvang het, ons ook maklik uit die hand gaan” (p. 69).

Soos altyd skryf Cilliers in ’n maklik-leesbare, keurige taal wat ook die lees van *Ons Vader weet!* ’n plesier maak. By die bespreking van elke bede bied hy ’n eietydse verwoording, wat my so geboei het dat ek, nadat ek die eerste een gelees het, vinnig deur die boek geblaai het om die ander ook te lees. By die bede om brood stel hy dit byvoorbeeld soos volg: “Vader, die brood wat U gee, is lewe. Dit laat my loop, sien, bestaan. Ek proe dit as ek eet en, as ek die bladsye van die Bybel omblaai, lê dit soos ’n feesmaal daar op my en wag. Leer my om te ontvang en ook te gee aan hulle wat honger is, sodat U versadig mag word. Amen” (p. 71).

’n Verdere winspunt van die boek is die “Ander het gesê ...”-gedeeltes by elke bede. Hierdie gedeeltes gee aanhalings van ’n klomp mense, waarvan sommiges so raak is dat ’n mens nog lank daaroor kan dink. Een juweel kom van Byron Frederick: “Die wêreld bestaan basies uit twee groepe mense: die Gewers en die Vatters. Die Vatters *eet* beter, maar die Gewers *slaap* beter” (p. 73).

*Ons Vader weet!* word hartlik aanbeveel vir elkeen wat na egte verdieping in hulle geloofslewe soek.

**Wilkinson, Bruce.** 2003. **Die DroomGewer**.
Vertaal deur Andries Cilliers. Wellington: Lux Verbi.BM. 184 p.
Prys: R99,95. ISBN: 0 7963 0198 0.

**Resensent:** Willem Vogel
(Gereformeerde Kerk Cachet Potchefstroom)

*Die DroomGewer* is nog ’n blitsverkoper van die skrywer en bestaan uit twee dele. Deel 1 is die gelykenis van die Droomgewer en deel 2 die reis na jou groot droom.

Deel 1 vertel die storie van Alleman wat sy droom ontdek het en daarmee besiel is. Hy verlaat die land wat aan hom bekend is, sy gemaksone, om sy groot droom te gaan uitleef. Op sy reis na die Belofte Land ervaar hy allerhande probleme wat hom verhinder om

sy droom uit te leef, byvoorbeeld Alleman en die Boelies in die Grensgebied, Alleman in die Wildernis, in die Oase, in die Vallei van die Reuse – en uiteindelik is Alleman in die Belofte Land.

Deel 2 konfronteer elke leser met die reis na "Jou groot droom". Die skrywer tree op as jou Droomgids – iemand wat jou help probleme oplos en jou leiding gee oor hoe om belangrike deurbrake te maak. Hierdie deel is bedoel om 'n mens te besiel vir jou eie reis na jou eie droom. Die heilsgeskiedenis van die volk Israel se uittog uit Egipte word as basiese "patroon" of voorbeeld gebruik van mans wat na hul droom reik en die reis aanpak. *Die DroomGewer* se meriete lê daarin dat die leser uit die moeite, maar ook die vreugde van die lewe, tot stilstand moet kom en weer sy "roeping" opnuut moet ontdek. Die leser wat vasgeval het op die lewenspad en nie weet om daaruit te kom nie, kry riglyne hoe om weer by die basiese van die lewe uit te kom – en sy droom uit te leef.

Lesers wat worstel met die gang van hulle lewens sal beslis baat vind deur weer die sin van die lewe te oordink. Elke mens het 'n droom. Ontdek jou droom en leef dit uit – dit is wat Wilkenson wil tuisbring.

Om te besef wat die skrywer presies met *droom* bedoel, kan nogal 'n tydjie neem. Hy noem die droom onder andere 'n "Sterk verlange of ideaal wat in elke mens lewe, van jou geboorte af" – daar is dus "God se lewenskoers vir jou". Die leser word weer gewys op die doel waarvoor God elke mens geskape het en om sy roeping op aarde verantwoordelik uit te leef.

Die boek word aanbeveel om te lees met die volgende in gedagte: God het elke mens met 'n doel geskape – leef jou roeping uit. Die Afrikaanse vertaling van Andries Cilliers slaag in sy doel.

(*Die DroomGewer vir Leiers*, deur dieselfde skrywer, het ook verskyn. Soos die titel stel, gaan dit oor leierskap).